

Fynbos

REG NO / NR  
POSBUS / PO



NATUURBEWARINGSVERENIGING  
KLEINMOND  
NATURE CONSERVATION SOCIETY

005-622 NPO  
BOX 2  
KLEINMOND  
7195

**No/Nr 167 Julie / July 2021**

**Quarterly edition / Kwartaallikse uitgawe**

### **Algemene jaarvergadering van 2021**

Groot was die vreugde toe ons jaarvergadering vanjaar weer kon plaasvind. Soos te wagte was vanjaar se AJV weens die steeds aanwesige Covid 19 bedreiging, deur 'n kleiner getal lede bygewoon. Diegene wat teenwoordig was, kon saam terugkyk op 'n grendeltydperk waartydens ons almal grootliks deur die covidpandemie geraak is en die natuur minder blootgestel was aan menslike aktiwiteite.

'n Nuwe komitee is gekies en die Jaarverslag is aan die vergadering voorgelê. Die volledige verslag verskyn aan die einde van hierdie nuusbrief; ter wille van die lede wat nie teenwoordig kon wees nie.

Our guest speaker Dr Anina Lee took us on a journey with excerpts from her book "What a wonderful world". She spoke amongst others of small unseen wonders happening in and around our homes and gardens, friendships between plants and animals and behind the scenes collaboration between species to survive; as well as the amazing transformation of the antlion and how caterpillars avoid being poisoned and eaten by birds.

- o o O o o -

### ***Erica pillansii*, Pride of Kleinmond - again threatened?**

*Erica pillansii* (also scarlet heath or Kleinmond heath) appeared in large stands of brilliant red after the first autumn rains had fallen. Unfortunately it soon became apparent that the flowers were being harvested illegally.

This unique *Erica* has a long history. They were first spotted at the beginning of the 20th century by European botanists in the pails of a flower seller in Cape Town, who steadfastly refused to reveal where they grew.

No wonder. *Erica pillansii* grows only in a narrow band along the coast and only in a specific type of soil. Its conservation status is RARE, which in this case means that it occurs in a very small area (less than 20 square km).

And their extinction nearly became a sad fact in the 1980s. In 1979 KNCS members became alarmed by the legal and illegal exploitation of this *Erica*. Then, in April 1980, Mr Jock van Niekerk, ex-Springbok rugby player and resident of Betty's Bay, discovered several extremely large bunches of *Erica pillansii* in the veld close to the road between Betty's Bay and Kleinmond. They were so big that two men were required to lift one bunch. The illegal harvesters apparently picked the flowers at night and carried them down to the road to load onto trucks.

Dr A. V. Hall, leader of the CSIR's Rare and Endangered Plant Survey team, was invited by KNCS members to inspect what was left of the *Erica*. He was, in his own words, "horrified" and asked the Department to ban any further harvesting of the *Ericas*. Ten days later, the Department placed a permanent ban on any further exploitation of *Erica pillansii*. From then on, it could only be picked, owned, sold or exported under special licence.

The area where *Erica pillansii* grows, was destroyed in a fire in 2015, but the veld has since recovered and *E. pillansii* again appears every autumn in all its glory.



*E. pillansii* depends on its seed bank to survive fire or other disasters. Seed is deposited in the soil, where it can stay for many years until conditions are favourable for germination. For example, daily temperatures need to be below 20° C for quite a while.

However, if the *Ericas* are over-harvested for several seasons in a row the seed bank may be diminished to such an extent that the colony takes many years to recover. And if a second disaster (such as a fire) occurs in that period, it may mean the end of this lovely, scarce *Erica*.

## What can we do?

Chairperson Botha Maree wrote to several people to find out how the matter of illegal harvesting should be addressed. Dr Tony Rebelo, a scientist at the South African National Biodiversity Institute (SANBI) and very much involved in conservation planning, asked that we send information on the location and numbers of the species to SANBI via iNaturalist so that the red list team at SANBI could make sure that their information is up to date. This information will help them to determine the conservation status of the species, which directly influences decision making at a national and regional level. (We have done so, with the expert help of CREW volunteer Magriet Brink.)

Ismail Ebrahim, node manager for SANBI's Custodians of Rare and Endangered Wildflowers (CREW) wrote: "The species is currently listed as RARE but if there is an ongoing threat of illegal harvesting the species could be listed in a higher threat category. Populations are restricted and harvesting will certainly have an impact on the viability of populations."

Steven Gildenhuys, conservation manager (off reserve) at the Jonkershoek Regional Office gave this advice: "I do caution against trying to apprehend or confront any flower pickers. As previously stated, there is a team of dedicated professional law enforcement officers operating in the area who is aware of, and is keeping an eye on the situation."

***Thea Brink***

Our local environment officer, Tamzyn Zweig, gave us these telephone numbers to contact and report future occurrences of this nature.

- ▶ Incidents occurring in the Kleinmond reserve:  
Call Overstrand 24 hour hotline (028 313 8111, ask for the environmental management services field ranger on duty and for a reference number
- ▶ Incidents in the Kogelberg Biosphere Reserve (Cape Nature property)  
Hangklip to Kleinmond  
Call the Cape Nature duty phone at 082 783 8585

## Wat het van ons voëls geword?

Byna 30 jaar gelede is 'n projek geloods om waadvoëls te monitor en te tel as Suid-Afrika se bydrae tot internasionale waadvoël-bewaring. Op Engels

staan dit as CWAC (Coordinated Waterbird Counts) bekend. Vrywillige voëlkykers tel die voëls minstens een maal in die somer en een maal in die winter by meer as 600 vleilande, riviere, damme en rioolwerke in Suider-Afrika, onder andere ook in Kleinmond en by Rooisand.

Gereelde tellings op Kleinmond is in Julie 1994 deur Mariana Delpont van die Tygerberg Voëlklub begin. Die afgelope 27 jaar is daar reeds meer as 85 sulke tellings gedoen. Die jongste telling was in April 2021. Al die inligting wat versamel word, word by die FitzPatrick Instituut vir Afrika-Omitologie by die Universiteit van Kaapstad bewaar en bestudeer.

Tien opeenvolgende voëltellings wat gedurende drie periodes van ongeveer 5 jaar om die Kleinmondvlei gedoen is, is in die tabel hieronder weergegee. 'n Totaal van 71 verskillende spesies is oor die 3 periodes waargeneem.

	1994-1999	2004-2008	2016-2020
Aantal voëls getel	3 370	1 209	1 227
Spesies geïdentifiseer	62	45	40
Unieke spesies	20	3	2
Voëltellings in die periode	10	10	10

In 1994-99 was daar 20 spesies wat sedertdien nog nie weer tydens 'n telling gesien is nie. Dit sluit in die hamerkop, ringnek-, geelbors- en rooiborsstrandkiewiet, drietoonstrandloper, groot flamink, grootriethaan en die gewone ruiter. Die groenkopeend, kuifkopdobbertyjie en swartkopmeeu is slegs in 2004-08 gesien, terwyl die gewone nagreier en die wit pelikaan net in 2016-20 gesien is.

Die top vyf voëls in elke periode, met die aantal voëls tussen hakies, is:

1994-1999	2004-2008	2016-2020
geelbekeend (754)	hartlaubmeeu (362)	trekduiker (322)
gewone ruiter (348)	rietduiker (115)	hartlaubmeeu (262)
slopeend (253)	bleshoender (92)	rietduiker (147)
kelpmeeu (239)	geelbekeend (70)	kelpmeeu (58)
bleshoender (171)	kolgans (62)	skoorsteenveër (55)

Die raarste voël wat tydens die drie periodes waargeneem is, is beslis die swartkopmeeu wat 'n swerwer ('vagrant') is. Hierdie spesie is in Desember 1974 vir die eerste keer in Suider-Afrika geïdentifiseer. Dat hierdie meeu op Kleinmond (2004 - 08) gesien is, het 'n beroering onder voëlkykers veroorsaak aangesien dit steeds 'n baie skaars spesie is.

Dit is verontrustend dat die aantal voëls oor minder as 30 jaar van 3370 (1994-99) na 1227 (2016-20) en die aantal spesies van 62 na 40 afgeneem het. Daar is waarskynlik meer as een rede waarom dit gebeur het, maar die feit dat baie van die strandlopers en strandkiewiete wat 1994-1999 getel is, daarna verdwyn het, dui op 'n habitatverandering. Daar was beslis voorheen skoon sandbanke waar hierdie voëls kon floreer. Riete het die sandbanke toegegroeï en die strandlopers en -kiewiete het padgegee. In die omgewing van die Onrusriviermond is daar soortgelyke waarnemings gemaak. Weens die toename in die riete het 30% van die voëlsoorte uit daardie omgewing verdwyn.

Miskien het dit tyd geword dat daar ter wille van die voëls drasties opgetree moet word teen die onbeheerde toename van riete om die strandmeer.

Die vlei bly ten spyte van die afname in spesies nogtans 'n wonderlike plek om voëls te gaan kyk. Wees geduldig en hou jou oë en ore oop vir een of meer van die volgende: vleitinkinkie, kaapse rietsanger, swartriethaan (foto), slanghalsvoël, swart-, teel- en geelbekeend, lepelaar, kleinwitreier, rooireier, dobbertjie, reusebont- en kuifkopvisvanger, grootkoningsriet-haan, reusesterretjie of die waterdikkop.

**Carl Swart**



- o o O o o -

## Die mond is – en bly – oop

As daar nou een ding is wat Kleinmonders in 'n gemoedelike atmosfeer bymekaarbring, dan is dit die nuus dat die strandmeer deurgebreek het. Almal wil daar wees as die sand begin wegkalwe en die stroom bruin water met al groter geweld die see binnedring.

Vanjaar het hierdie deurbraak in die nag tussen 9 en 10 Mei gebeur (moontlik kort voor middernag 9 Mei) sodat baie getroue waarnemers dié

opwindende oomblik misgeloop het. Nietemin is dit die derde opeenvolgende jaar dat die mond oopmaak. In vorige nuusbriewe (Fynbos 160, Sept. 2019 en Fynbos 165, Des. 2020) is die verband tussen die reënvalpatroon in Kleinmond en die oopmaak van die mond oor 'n aantal jare vergelyk.

Die reënvalpatroon was vanjaar egter ietwat anders omdat slegs twee periodes met hoë reënval, een in Maart (148 mm) en een van 5 tot 7 Mei (127 mm) die deurbraak voorafgegaan het. Die 148 mm reënval in Maart is volgens Justin van den Hoven se data die hoogste in 12 jaar, heelwat hoër as die Maart-gemiddeld van 48 mm. Die 244 mm in Mei (gemeet deur Christo Kok) is heelwat meer as die Mei-gemiddeld van 63 mm oor die laaste 12 jaar en het 'n standhoudende invloed verseker. Tot einde Junie (toe hierdie berig geskryf is) was die strandmeer reeds vir 50 dae lank oop.

Dis interessant om te let op die verskil in reënval gemeet in die seelane (1ste Laan) en die hoër reënval nader aan die berg in die berglane (12de Laan), wat moontlik nog hoër is in die opvanggebiede van die Lamloch-spruit en Middellrivier.

Kleinmond Reënvalsifers vir 2021 (mm)					
Jan	Feb	Maart	April	Mei	Bron
17	20	137	1	204	Christo Kok in 1e laan
		148	6	224	Justin vd Hoven in 12e laan

Die data bevestig dat reënval in die opvanggebied van die Lamlochspruit en Middellrivier 'n belangrike faktor is vir die bepaling van die watervlak van die Kleinmondstrandmeer, want geen water het tot dusver vanjaar van Botvlei via die Die Keel na die strandmeer gevloei nie. Trouens, Botvlei se watervlak is die laagste in baie jare. Dit het beslis nog nie herstel na die kunsmatige oopmaak op 20 Julie 2020 nie.

Die veranderinge in die watervlakke van die Botvlei-stelsel sedert 2015 dui daarop dat die Botvlei-gedeelte oos en die Lamloch-gedeelte wes van Die Keel toenemend onafhanklik van mekaar funksioneer. Oor die afgelope klompie jare is daar ook min tot geen oppervlakwatervloei van Botvlei na Kleinmond-strandmeer aangeteken nie.

Cape Nature bestuur die Bot/Kleinmond-strandmeergebied as een stelsel volgens riglyne verskaf in die Bot/Kleinmond strandmeer-bestuursplan (Bot/Kleinmond Estuary Management Plan). En die strandmeermond(e)

word bestuur volgens riglyne van die MMP (Mouth Management Plan: Bot/Kleinmond Estuary). Dit bepaal onder meer besluite oor die kunsmatige oopmaak van die Botvleimond.

**Paul Coetzee**

## **As die mond oopgaan – in die ou dae**

Wanneer die strandmeer oopgaan, is die hele dorp in rep en roer. En wanneer dit lyk asof daar 'n moontlikheid van so iets is, hou die wetstoe-passers die saak ook met arendsoë dop want niemand mag die proses “aanhelp” nie.

In die ou dae het sake bietjie anders verloop.

Meneer CJH Steenkamp was vir bykans 35 jaar die skoolhoof op die dorp en ook die korrespondent van *Die Burger* en *Caledon Venster*. Een van sy oudleerlinge onthou hoe die mond in die ou dae oopgegaan het.

Op 'n bepaalde dag het die hele skool op die strand bymekaargekom. Meneer het eers 'n aardrykskundefles gegee, en dan die bevel gegee: “Grawe!” En al wat leef en beef het begin grawe – met die hande, met grawe, met enige skepding wat hulle in die hande kon kry. Natuurlik het die water baie gou begin vloei.

Nou ja, ons het toe anders na die natuur gekyk.

*(Met dank aan **Jean du Toit** wat hierdie stukkie geskiedenis in sy boek *Nog Kleinmondstories* vertel.)*

**Thea Brink**

- o o O o o -

## **Ons jongste bewaringbetrokkenhede**

### **Rommelvangnette**

'n Interessante nuwe manier om rommel wat na die see afgevoer word te beperk, is onlangs saam met lede van Kleinmond se Ekobediening ondersoek.

Die Dyer Island Conservation Trust gebruik rommelvangnette in Gansbaai. Hierdie vangnette word by die punte van stormwaterpype wat in of naby die see eindig, aangebring om rommel wat andersins op die strand, tussen rotse en in die see sou beland, op te vang.

DICT het 'n gebruikte visnet aan die Kleinmonders geskenk om te gebruik. Intussen het Eko-bediening-, kaggroep- en KNBV-lede 'n gestrande visnet by Stroompie met die hulp van 'n katrol van die Seereddingsinstituut herwin. 'n Paar eksperimentele opvangnette is daarvan gemaak en in storm-waterkanale aangebring (foto hiernaas).



Hierdie is 'n samewerkingsprojek tussen DICT, Overstrand Munisipaliteit, NG Kerk Eko-bedieninggroep en ons vereniging.

### **Stappaadjies**

Kleinmond se Natuurbewaringsvereniging werk hard om die meer as 50 kilometer stappaadjies in ons omgewing in stand te hou.

Een paadjie wat gedurig aandag vra, is die plankiespad by Palmiet. Die munisipaliteit beplan 'n rolstoel-vriendelike pad van sg. "grass blocks" vir daardie area. Die koste daarvan word bereken op R170 000, wat heelwat minder is as wat 'n nuwe plankiespad sou kos, en hopelik minder instandhouding vereis. Die plan is om eersdaags met 'n eksperimentele gedeelte te begin, en daar moet moontlik ook nog 'n impakstudie gedoen word.

Die munisipaliteit het die paadjie by Hanneshoek oopgekap. Die lekker reën waaroor ons almal so bly is, het egter die paadjie net anderkant die bruggie erg laat verspoel, en daaraan sal so gou as moontlik gewerk word.

### **Kaggroep vs Indringers**

Die nimmereindigende stryd om indringerplante in toom te hou, gaan na die mate wat Covid-19 dit toelaat, onverpoosd voort en die kaggroep stry moedig voort.

Die munisipaliteit het 'n driejaarplan waarmee hulle glo hulle beter aandag aan indringerplantbeheer sal kan gee as in die verlede. 'n Aanvang is onlangs daarmee geneem met die kap van 'n gedeelte langs die Isaacs-rivier aan die oostelike grens van die gholfbaan deur 'n kontrakteur.

'n Paar van ons kapgroeplede het voortgegaan om rooikrans uit die duine te verwyder, terwyl 'n ander groep die hakea teen die hellings onder en bokant die kontoerpad getakel het. Al twee projekte sal hulle nog 'n hele ruk lank besig hou.

Botha was behulpsaam met die opstel van kosteberamings en 'n kontraktuele ooreenkoms vir die behandeling van die pampasgras (*sien foto*) wat al jare lank 'n probleem in die hawegebied is. 'n Kontrakteur het na aanleiding daarvan, alle pampaspolle en hul pluime korter gesaag vir latere plantdoderbespuiting.



Intussen het die groep ook berig ontvang dat daar weer Madeira-wingerd (*Anredera cordifolia*) in die kusgebied is. Hierdie rankplant is 'n woeste groeier en verspreider - en sal weer aandag moet kry.

- o o O o o -

## **From the archive** **The hack group – 40 years ago**

“An attack on alien vegetation was arranged for Saturday 14th February. It was not a very suitable date for several of our members; but those that did turn up spent a pleasant and very fruitful morning. Originally the hack was intended as an attack on *Sesbania* plants inside the village. However, as a result of the co-operation of plot owners who had been approached prior to the hack, so many plants were destroyed by the owners themselves that

the efforts of our members were directed at other aliens – myrtle, port jackson, etc. The effort was made at the top of 16th Street in the open veld which was burnt 18 months ago. Quite a sizable area has been cleared of seedlings which at this stage are easy to uproot” (*Fynbos no 9, 1981*).


*(The attack on the Sesbania was so effective that they are currently not seen in significant numbers in Kleinmond. A few months ago the hack group attended to a single but growing patch of these plants between residential houses and the golf course. It would have been nice if the more aggressive alien species such as myrtle, acacia and hakea could be banished as easily as the Sesbania! - Ed.)*

- o o O o o -

## 'n Kleinmond-legende

Die 94-jarige Louis Mostert is tans die oudste lewende lid van KNBV. Hy is 'n fynboskenner van formaat en 'n legende in eie reg.

Hy is gebore op Orchards, gaan skool in Worcester en boer later op die plaas Romansrivier in die Wolseley-distrik saam met sy vrou, Maxie. Hy boer met wyndruiwe en later ook met veldblomme vir die uitvoermark, meestal *Protea repens* wat gedroog en gekleur is. Hy het ook blomme op sy plaas gepluk en dit saam met die Krones van Tulbagh op die lenteblommeskoue van Tulbagh en Ceres uitgestal. Louis het baie op sy plaas gestap, baie belang gestel in orgideë en 43 spesies daar opgespoor. Hy is ook een van die spesiale mense na wie 'n blom vernoem is. In September 1986 het hy 'n nuwe *Ixia*-spesie ontdek wat nou die naam dra van *Ixia mostertii*.



Louis en Maxie het in 1996 in Kleinmond kom aftree en ingeskakel by die KNBV. Hier kon hy sy liefde vir die plaaslike fynbos uitleef. Hy het onder andere 'n spesieversameling van honderde plante in Kleinmond vir Harold Porter gemaak. Elke eksemplaar is eers gepepers en dan na die Compton Herbarium gestuur vir identifikasie. Uiteindelik is die hele versameling by Harold Porter bewaar.

Louis het 76 orgideë in Kleinmond se veld gevind en opgeteken. Hy het gereeld as gids vir besoekende plaaslike en buitelandse entoesiaste in die veld opgetree.

Kort nadat Louis hier kom woon het, het hy en Penny Palmer met blomuitstallings in die biblioteek begin, 'n taak waarmee Braam van der Merwe en Lorraine Beneke hom later sou help. Hy het 'n omvattende stel naamkaarte van al die spesies wat by Kleinmond voorkom, saamgestel en sy dogter, Carol, het help tik en lamineer.

Op 90 het Louis besluit sy stappery bergop en bergaf is verby en hy het toe, na 22 jaar, as uitstaller afgetree. Gelukkig is hy nog beskikbaar as die ander uitstallers hulp nodig het met die identifikasie van spesies.

In William Liltved en Steven Johnson se omvattende orgideëgids *Cape Orchids* word spesiaal vermeld dat Louis vir Liltved aan die orgideë van die Renosterveld bekendgestel het. Verskeie foto's in die boek is ook op sy plaas geneem. Gaan kyk weer 'n slag na die *Babiana ambigua* in die *South African Wild Flower Guide 5 (Stellenbosch to Hermanus)*. Dis Louis se foto daardie!

In 'n vorige artikel in *Fynbos* noem Gardiol Theron hom “ons het ons eie botanis”. En is ons nie geseënd om hom in ons midde te hê nie - en nog steeds uit sy kennis te kan put nie! Hy ken nog I die Latynse name – dit vat net 'n klein bietjie langer om hulle uit sy geheue op te diep.

Ons salueer hierdie merkwaardige man en mentor vir vele.

**Leon Louw en Mariaan Guest**

- o o O o o -

## **Mussels are “skinny” in months with “r” in them**

Mussels are bivalves found globally. They are filter feeders. Water is drawn in through an incurrent siphon and moves through a rack of filters where oxygen and food, mostly phytoplankton, are extracted. Waste water exits through the excurrent siphon.



Mussels have an interesting life cycle. They are broadcast spawners: males and females release sperm and eggs into the water. These eggs and sperm then combine to form free floating larvae. After a few weeks the larvae

settle onto seaweed as spat. They then migrate onto the substrate and settle permanently into mussel beds. Mussels are “gregarious”, meaning adults release a chemical signal into the water which cause larvae to settle where there are already adults (i.e. a viable environment). They have to grow for about 18 months before they reach a size you can eat.

Mussels are very sensitive to ocean conditions and that is why there is a link between the months and the mussels’ size. Mussels tend to spawn in spring and summer. Spawning is a biologically costly exercise, which results in the mussels losing their condition and appearing “skinny”. Spawning is triggered by warm conditions and occurs periodically throughout the summer months (September to March). Mussels harvested during a spawning event may have an unusual smell, but taste and nutritional value are not affected.

Two types of black mussel are found along the SA coastline – the indigenous *Choromytilus Meridionalis* and the invasive Mediterranean black mussel (*Mytilus Galloprovincialis*). Both have a shiny blue-black shell, but they can be identified by the colour of their flesh: that of the indigenous mussel is dark purple, while that of the Mediterranean mussel is creamy (males) or orange (females).

### **Sources**

Van Erkom Schurink, C. 1991. Comparative ecology and physiology of four S A mussel species with notes on culture potential. PhD thesis, University of Cape Town and [sanbi.org/animal-of-the-week/mediterranean-mussel](http://sanbi.org/animal-of-the-week/mediterranean-mussel).

**Henriette Botha**

- o ∞ O ∞ o -

### **Welkom aan ons nuwe lid**

Ons verwelkom graag vir **Tania Delport** wat as lid by ons aangesluit het. Ons sien baie uit na haar betrokkenheid by ons vereniging.

**KLEINMOND**  
**NATUURBEWARINGSVERENIGING/KLEINMOND NATURE**  
**CONSERVATION SOCIETY**  
**JAARVERSLAG/ANNUAL REPORT 2021**

**Inleiding**

Hierdie verslagjaar sal sekerlik lank onthou word vir die belewenisse en gepaardgaande swaarkry op soveel lewensterreine wat met die wêreldwye koronavirus-pandemie en nasionale inperking gepaardgegaan het; en nog is dit het einde niet meen die Wêreld-gesondheidsorganisasie.

Ons vereniging se werksaamhede is ook geraak (gelukkig darem minder dramaties so) soos wat uit die verslae duidelik sal word.

Een van die hoogtepunte van die jaar was toe die Kleinmond-strandmeer, weer soos verlede jaar, in Julie deurgebreek het. 'n Bobbejaan-bestuursprogram waarvoor daar lank reeds 'n behoefte bestaan, het 'n aanvang geneem. Die onlangs gefinaliseerde, verwante Bobbejaan-skakelgroep hou heelwat belofte in dat 'n 'vreedsame naasbestaan' op hierdie terrein ook vorentoe bereik sal kan word.

Ons is, gegewe die politieke tye waarin ons ons bevind, baie dankbaar dat ons 'n funksionele munisipaliteit het; en 'n entoesiastiese raadslid met natuurlewe belangstelling het. Ook vir die ontvangs van 'n groot skenking van die Frank Robb Trust en die ondersteuning en meeewing van Proteadorp se Ekojeuggroep met ons skoonmaakdae. Die voortgesette indringerbeheer op enkele plase in ons omgewing en die volgehoue stryd wat ons kapgroep in ons natuurreserveat en op die R44 se padskouers hiermee voer, is steeds verblydend.

'n Hele paar ontwikkelinge waarop ons gehoop het, het nog nie plaasgevind nie. Momentum met die RAMSAR-verklaring van die vleiland, wes van Rooisand tot by die mond in Kleinmond en 'n goedkeuring van die hersiene Mondbestuursplan ontbreek nog; so ook doeltreffende beheer van indringerplante op munisipale eiendomme en leë onbeboude erwe in Kleinmond.

## **Committee**

The committee serving the society consisted of Botha Maree, (chairperson) Carl Swart (deputy chairperson), Marel de Jager (secretary), Leon Louw (treasurer), Gerhard Booysen (hiking club representative) and committee members, Rey Liebenberg, Paul Coetzee, Mariaan Guest, Gerrit van den Dool and Margie Samuels.

## **Membership**

We were very pleased with seven new members joining us during the year. We sadly lost three members who passed away which brought our membership to a total of 354 by year end.

## **Finansies**

Die vereniging se geldsake word met groot oorleg en nodige kontroles deur ons Tesourier bestuur en is steeds kerngesond. Ons het die jaar met 'n saldo afsluit wat naastenby R92 000 meer was as dié van die 2019/20-finansiële jaar. Hierdie verbetering is andermaal grotendeels te danke aan die baie ruim skenking van die Frank Robb Trust van R66 000 asook die rente-inkomste wat ongeveer R16 000 hoër was as die vorige jaar en wesentlik verminderde uitgawes weens die invloed van die Covid-19 pandemie.

Ons was danksy hierdie positiewe stand van sake instaat om 'n reserwefonds te identifiseer wat genoegsaam sal wees om ons vereniging se sake onder minder gunstige omstandighede te kan voortsit. 'n Bedrag van R30 000 is geormerk om aan nuwe verdienstelike projekte te besteë.

## **Fynbospublikasie**

Die gebruiklike kwartaalike uitgawes het gereeld verskyn; waarop waarderende kommentaar van van sommige lesers ontvang is.

Die berigte en atikels wat lede bygedra het, word baie waardeer. Spesiale dank gaan aan Marel de Jager, Henriëtte Botha en Gardiol Theron vir die versending van die nuusbriewe. So ook aan die volgende lede wat dit per hand afgelewer het: Anita Walters, Rochelle du Plessis, A.D. van der Merwe, Arend Adriaanse en Lorraine Beneke

## **Representation on Overstrand Municipal Ward Committee**

The activities of this committee were curtailed by the Covid-19 pandemic and attention paid mainly to essential matters.

Nature conservation was still one of the important issues on the ward committee's agenda. Some of the important, nature related matters that received attention were:

- Establishment of the Baboon Liaison Group after several related virtual meetings and important guiding inputs provided by our representative, Hermie van der Merwe. This group provides a platform for the municipality to engage with i. a. civil society in matters which we hope will keep the baboons out of residential areas but also give priority to them as part of our valuable natural environment.
- Inputs to identify available land for low-cost housing.
- Attention to the reed problem and regular measurement of and reporting on the water quality of the lagoon.
- Building a new secure timber walkway underneath the R44 road at the bowling green towards the day camp and beach.
- Cleaning of plots in Kleinmond.

Hermie has, due to a very busy program and involvement in several other community activities, resigned as a member of the ward committee. We sincerely thank him for the very dedicated and effective way he served in this capacity and the very valuable contributions he has over several years made in the interest of civil society in general and nature conservation in particular.

### **Hiking trails**

Hard lockdown presented vandals and poachers the opportunity to roam the mountain trails. Numerous bridges, signage and walkways were damaged during the lockdown period. There has also been an increase in the number of snares and incidences of illegal flower harvesting that were reported. We are very concerned about this development as it not only hampers our conservation efforts but poses a threat to the safety and security of hikers in our region. A reporting structure has been set up and we hope that results will follow.

Our financial resources have again greatly benefitted from a very generous contribution by the Frank Robb Trust. Due to the good rains the mountain trails have been quite wet and over-grown. We have therefore focused our resources on the maintenance of these trails and replacement of the vandalised infra structure. The coastal path has been collaboratively revamped.

The Overstrand Municipality, Kleinmond Hiking Club and members of the public are thanked for their assistance in maintaining the Kleinmond Hiking trails; and Gerhard Booysen for the very active leading role he has played.

### **Kogelberg Biosphere Reserve Company (KBRC) and Bot Rivier Estuary Forum (BREF)**

The Covid-19 regulations have also affected the activities of both these forums where we are represented by Paul Coetzee. A very limited number of meetings were held and urgent matters were dealt with on-line.

KBRC projects, such as alien plant clearing in the Palmiet river basin, continued where possible albeit to a limited extent.

The Bot River Artificial Breaching Report for the breach performed on 21 July was tabled at the Bot River Estuary Forum meeting of 29 Oct. 2020. It was confirmed by Cape Nature (the managing authority) at that meeting that the breaching was done in line with the Mouth Management Plan (MMP) and that the prescribed guidelines were followed. Some BREF members, however, expressed concern about the position where the breach was initiated. It is noteworthy that the artificial breach at the Botvlei was done a couple of days after the start of natural breach at Kleinmond lagoon on 17 July thus allowing larger water flows and more effective scouring at Kleinmond. KNCS appreciates this modus operandi since it follows a proposal made by the KNCS during the MMP revision process.

### **Kapgroep en Skoonmaakaksies**

Die kapgroep het ten spyte van die Covid-19 inperkings sewe keer gedurende die jaar gekap. 'n Groep van gemiddeld 12 lede per kapeleentheid het indringerplante in die natuurreservaat en aanliggende areas verwyder. Daar is o.a. meer as 4600 mirte verwyder.

Twee groot skoonmaakgeleenthede (Wêreld-Vleilanddag en Internasionale Strandskoonmaakdag) is gereël en beide is goed ondersteun deur vereniginglede, lede van die Ekobediening van die NG Kerk en die Strandlopers Ekojeug in Proteadorp. Vereniginglede het ook ander skoonmaakdae wat deur Ekobediening gereël is, ondersteun. Ons strande en die hawe word ongelukkig gereeld met, o. a., derduisende sigaret-stompies, lekkegoedpapiere en plastiek- en metaalbotteldoppies besoedel. Tydens die Internasionale Strand-

skoonmaakdag is 370 kg rommel by die hoofstrand, strandmeer, hawe en Palmiet strand opgetel en verwyder. Ons dank aan almal wat saam gekap of aan 'n skoonmaakdag deelgeneem het en aan Carl Swart vir sy goeie leiding met die belangrike aksies.

### **Kleinmond vry van indringerplante**

Ons vertoë en voorstelle vir meer doeltreffende indringerbeheer op onbeboude erwe was onsuksesvol. Vordering met die verwydering van indringerbome op munisipale eiendom en areas waaroor die munisipaliteit beheer het, was onbevredigend. Dit is skriftelik ahangig gemaak. 'n Uitbestedingsprogram wat hierdie tekortkominge oor 'n 3 jaar-tydperk sal aanspreek, sou vroeg 2021 in werking tree.

Belowende verwickelinge met die uitroei van die groot getal pampaspolie in die vleiarea by die hawe, is deur die nasionale inperking gekortwiek.

### **Other activities**

The pandemic lock down prevented us from arranging the customary excursions and visits to places of interest and continuing with the long standing fynbos exhibitions. The bird watching group was restricted to one meeting.

### **Afsluiting**

My opregte dank aan ons bekwame Sekretaresse en al die komitee-lede vir hulle entoesiastiese samewerking die afgelope jaar. Dit was 'n besondere voorreg om saam met julle te werk. Ons groet ongelukkig vir Rey Liebenberg wat verskeie jare op ons komitee gedien het; drie daarvan as voorsitter. Ons dank en waardering ook aan ons lede vir julle voortgesette ondersteuning en bydraes tot ons vereniging.

Botha Maree  
Voorsitter/Chairperson      28 April 2021

---

eNewsletter /Nuusbrief ☎028 271 3054 ✉ 2, Kleinmond, 7195

e-pos [brinkthea@gmail.com](mailto:brinkthea@gmail.com)

Compiled by the Editorial Committee. Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, **Fynbos**, is acknowledged

Die opinie van die outeurs is nie noodwendig die opinie van die Vereniging nie.

---